

Vrydag 13 September

Skrifgedeelte: Romeine 7:7-25

Fokusgedeelte: Romeine 7:21

Geloof en verbode vrugte

Satan maak van alles wat God mooi en goed gemaak het, 'n versoeking! Dink maar aan dinge soos kleredrag, liefde, drank en narkotiese medisyne, geld en mag – alles dinge wat wonderlik werk as jy dit reg gebruik, maar in Satan se hande word dit iets boos en verkeerd. Ons sondige natuur vind in Satan se weergawe van die wêreld 'n versoeking wat amper onweerstaanbaar is! Dit is die stryd wat Paulus hier in woorde bring.

Die wet van God wys vir ons die sonde uit en skielik word die sonde die verbode vrug. So verkeerd, maar tog so aanloklik! In Spreuke 9:17 word dit so verwoord: “Gesteelde waters is soet, en brood in die geheim geëet, is lekker.”

As gelowige wat deur Christus verlos is, moet ons die sonde dood verklaar en 'n lewe lei waarin ons die Heilige Gees gehoorsaam en volg. Ons sal in elk geval nie die versoeking uit eie krag kan weerstaan nie. Dit vra gebed en 'n lewe wat sy krag en oortuiging kry van die Heilige Gees af. Maar dan sal ons nie ons eie swakhede kan verskoon of goedpraat nie. Ons sal ook nie die sondes wat ons doen, kan goedpraat of regverdig nie. Sonde kan nie, soos Satan wil voorgee, mooigemaak word nie.

Die wet word die instrument, die soeklig, in jou hand om Satan se vervalsings raak te sien en dan vra dit inspanning van jou om God se suiwere doel met alles te bereik!

Dit is die enigste manier om in jou huwelik iets van Christus se liefde, vrede en vergifnis te ervaar. Dit is die enigste manier hoe jy jou kinders se respek sal wen en geloofwaardig sal wees as jy hulle leer. Dit is die enigste manier waarop jy 'n getuie van Christus kan wees in hierdie wêreld.

Sing: Psalm 119-1:10

Ds. CJ van Vuuren (Christo) (Hartbeespoort)